www.matthew28.co.za

# Naamtetiese Apologetiek

## (Nouthetic Apologetics)

Lesing 3

Harry van Huyssteen
harryvh@matthew28.co.za
0826546736

# Naamtetiese Apologetiek

- Lesing 1: Beginsels van Naamtetiese Apologetiek
- Lesing 2: Die Uniekheid van Christus – Die Gesalfde
- Lesing 3: Die Groot Verhaal – die Ewige Lewe
- Lesing 4: Anwoorde op aanslae teen ons geloof

# Belangrike beginsels wanneer ons ons geloof met iemand deel

- Vertrouensverhouding
- Getuig
- Die Heilige Gees
- Die Woord
- Die Ewige Lewe



# Ons gaan na twee waarhede uit die Skrif kyk (vanuit baie)

- Messiaanse Profesieë

  Histories – Spesifieke Persoon – Die Messias – Jesus Christus

- Die Groot Verhaal

  Die Hoop vir alle nasies – Toekoms – Ewige Lewe



MATTHEW MATTEUS 28



MATTHEW
MATTEUS
28

Die hele wêreld het Hom gesien

Die hele wêreld sal Hom sien

# Die Groot Verhaal = Kinders vertel!

**Deuteronomium 6: 20-25**

*"20 As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die
verordeninge wat die HERE onse God julle beveel het? 21 dan moet jy aan jou seun sê:
Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte
uitgelei. 22 En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in
Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. 23 En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons
in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het.
24 En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God
te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit
vandag is. 25 En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou
voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het."*

# Die Groot Verhaal = Kinders vertel!

**Eksodus 9:13-16**

*"13 Verder het die HERE aan Moses gesê: Maak jou môre vroeg klaar en stel jou voor*
*Farao en sê vir hom: So spreek die HERE, die God van die Hebreërs: Laat my volk trek,*
*dat hulle My kan dien. 14 Want hierdie keer sal Ek al my plae in jou hart stuur, en teen*
*jou dienaars en jou volk, dat jy kan weet dat daar niemand op die hele aarde is soos Ek*
*nie. 15 Want anders sou Ek my hand uitgestrek en jou en jou volk met die pes getref het,*
*en jy sou van die aarde verdelg gewees het; 16 maar juis hierom het Ek jou nog laat*
*bestaan, dat Ek jou my krag kan toon, en dat hulle my Naam op die hele aarde kan*
*verkondig."*

# Die Groot Verhaal =  Kinders vertel!

**Eksodus 10:1-2**

*“1Verder het die Here vir Moses gesê: Gaan na Farao toe, want Ék het sy hart verhard,
ook die hart van sy dienaars, sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan verrig, 2en
dat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel wat Ek Egipte aangedoen het,
en my tekens wat Ek onder hulle gedoen het, dat julle kan weet dat Ek die HERE is.”*

**Rigters 6:12-13**

*“12En die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: Die Here is met jou,
dapper held! 13Toe vra Gídeon Hom: Ag, my heer, as die Here met ons is, waarom het al
hierdie dinge ons dan oorgekom? En waar is al sy wonders waar ons vaders ons van
vertel het, deur te sê: Het die Here ons nie uit Egipte laat optrek nie? Maar nou het die
Here ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete.”*

Vir meer inligting: www.matthew28.co.za

# Die Groot Verhaal = Kinders vertel!

**Psalm 44:1-3**

*“[1]Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. 'n Onderwysing. [2]O God, met ons ore het ons dit gehoor, ons vaders het ons dit vertel: 'n werk het U gedoen in hulle dae, in die dae van die voortyd. [3]U self het met u hand nasies verdrywe, maar húlle geplant; U het volke kwaad aangedoen, hulle daarenteen laat uitspruit.”*

**Joël 1:1-4**

*"[1]Die woord van die HERE wat tot Joël, die seun van Pétuel, gekom het. [2]Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind? [3]Vertel daarvan aan julle kinders, en julle kinders aan hulle kinders, en húlle kinders aan die volgende geslag: [4]Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind."*

# Die Groot Verhaal

Is gevier vanaf die verlossing uit Egipte – Paasfees

Die lam, sonder gebrek, se bloed het ingestaan tydens die Tiende Plaag

(Eksodus 12; Levitikus 23)

Profeties, die Messias, die Lam van God, sonder sonde,
se bloed het vir die mens ingestaan

Die Naam van God verkondig!

(Christus se gebed as Hoëpriester in Johannes 17)

# Die Groot Verhaal - profeties, die Messias
# Die Naam van God verkondig!

**Psalm 40:6-8**

*"[6]<u>Groot dinge het U gedoen, HERE my God — u wonders en gedagtes vir ons; niemand kan met U vergelyk word nie</u>. Wil ek dit verkondig en uitspreek, dan is dit te veel om te vertel. [7]U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; ore het U vir my gegrawe; brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie. [8]Toe het ek gesê: <u>Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe</u>."*

**Johannes 5:38-40**

*"[38]En julle het sy woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie. [39]<u>Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig</u>. [40]En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie."*

# Die Naam van God verkondig!

**Romeine 9:17**

*"Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde."*

**Johannes 17:1-8**

*"[1]DIT het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom;*
*verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik — [2]soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat*
*Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. [3]En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die*
*enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. [4]Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk*
*wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. [5]En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die*
*heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. [6]Ek het u Naam geopenbaar aan die mense*
*wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u*
*woord bewaar. [7]Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom. [8]Want die woorde wat U My*
*gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het,*
*en hulle het geglo dat U My gestuur het."*

# Die Groot Verhaal - Hy kom weer vir die wat Hom verwag

- **Jesaja 11:10-12:** *"[10]En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees. [11]En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see; [12]en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde."*

- **Jesaja 25:9:** *"En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp."*

- **Hebreërs 9:28:** *"so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."*

# Die Groot Verhaal - Die Wonder van Paasfees
# Jesus Christus, die Volmaakte Lam van God

- Die wêreld se kalender het verander, vir altyd na hierdie Verlossing!

- Die maand Abib (Lente) verander na Nisan (Om te bot, Wonderwerk = Geestelike geboorte)

  **Deuteronomium 16:1-2**: *"[1]Onderhou die maand Abib en hou pasga vir die HERE jou God; want in die maand Abib het die HERE jou God jou in die nag uit Egipte uitgelei.*
  *[2]En jy moet vir die HERE jou God as pasga kleinvee en beeste slag, op die plek wat die HERE sal uitkies om sy Naam daar te laat woon."*

  **Ester 3:7**: *"In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Ahasvéros, het hulle die Pur, dit is die lot, voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand, twaalf in getal, dit is die maand Adar."*

Die Messias tree op in volmaakte gehoorsaamheid om ons Hoop te wees - die Ewige Lewe - Hy is die lewe.

Vra die vraag, waarmee is jy besig?
Wie is Jesus Christus vir jou?

Verwag jy Hom tot saligheid?
Hou jou besig met die Ewige Lewe

# Die Sewe Hoof feeste

## Die Lente Feeste

1. Paasfees (Pesach)
2. Fees van Ongesuurde Brood (Hag Hamatzot)
3. Die Fees van Eerste Vruge (Yom Habikkurim)
4. Die Fees van Weke (Shavuot) Later Pinkster

## Die Herfs Feeste

1. Die Fees van Trompette (Rosh Hashanah)
2. Die Versoendag (Yom Kippur)
3. Huttefees of Fees van Tabernakels (Sukkot)

# Die Lentefeeste – reeds volbring – histories

- **Vir meer as 1300 jaar voor Christus is die uittog uit Egipte gevier met Paasfees op Nisan 14** (Levitikus 23:5). Die lam, sonder gebrek, waarvan die bene nie gebreek mag word nie (Eksodus 12:46), moes om laat-middag op Nisan 14 geslag word. Die pelgrims het op Nisan 9 in Jerusalem aangekom. Hulle moes dan op Nisan 10 die lam aan die priesters gaan aanbied om sonder gebrek verklaar te word.
- **Die Volmaakte Lam van God, Jesus Christus, kom op Nisan 9 in Jerusalem aan op 'n donkie** soos deur Sagaria voorspel is.

  Sagaria 9:9: *"Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."*

- **Jesus word aan Pilatus en Herodus aangebied wie beide verklaar dat hulle geen skuld in Hom vind nie**. Hy verdien nie die dood nie! (Lukas 23:14-15)
- **Jesus word op Nisan 14 (Paasfees) gekruisig en sterf aan die kruis laat middag, drie-uur (Negende uur)**.
- **Hy volbring die Fees van Ongesuurde Brood** deur vir ons sondes te sterf (Jesaja 53)
- **Hy staan op uit die dood op die Fees van Eerste Vrugte** as ons Eerste Vrugte na die Ewige Lewe
- **Die Heilige Gees word op die Fees van Weke uitgestort** – Pinkster (Handelinge 2)

# Die Sewe Hoof feeste

## Die Lente Feeste

1. Paasfees (Pesach)
2. Fees van Ongesuurde Brood (Hag Hamatzot)
3. Die Fees van Eerste Vruge (Yom Habikkurim)
4. Die Fees van Weke (Shavuot) Later Pinkster

## Die Herfs Feeste

1. Die Fees van Trompette (Rosh Hashanah)
2. Die Versoendag (Yom Kippur)
3. Huttefees of Fees van Tabernakels (Sukkot)

# Hy gaan weer kom!

**Die Herfsfeeste – toekoms – Hoop**

- Ons kan dus weet dat Hy weer gaan kom as Koning (**Fees van Trompette** – Levitikus 23:24)
- Hy is die Goddelike Hoëpriester, volgens die priesterorde van Melgisedek, wat vir ewig vir ons versoening met die Vader bewerkstelling het (**Versoendag** - Levitikus 23:27)
- Hy gaan beslis weer kom om by ons te tabernakel (**Fees van Tabernakels** - Levitikus 23:34).

**1 Johannes 5:20-21**: *"20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe. 21 My kinders, bewaar julleself van die afgode."*

**Sagaria 12:10**: *"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind."*

# Vertel oor Lentefeeste:

- Jesus is die Lam, sonder gebrek, wat op Nisan 14 Gekruisig is soos wat hulle reeds vir meer as 1300 herdenk het
- Jesus sterf aan die kruis dieselfde tyd wat die lam geslag is
- Jesus staan op uit die dood op dieselfe dag wat hulle Eerste Vrugte gevier het – Hy is ons Eerste Vrugte na die Ewige lewe
- Die Heilige Gees is op die mens uitgestort dieselfde dag wat hulle die Wet van Moses by die Berg Sinai ontvang het. Vyftig dae na die uittog uit Egipte – Die Fees van Weke (7X9=49) is op die Vyftigste dag gevier. Dit word toe Pinkster.

# Vertel oor Herfsfeeste:

- Christus het die Lentefeeste volmaak volbring, so Hy gaan beslis ook die toekomstige Herfsfeeste volbring:
- Fees van Trompette – Die Koning kom
- Versoendag – Die Hoëpriester het vir ons versoening met die Vader bewerkstellig
- Fees van Tabernakels – Hy kom weer om sy Koninkryk op aarde te vestig

# Wonderlike temas om te besig oor die Messias

- Die banier vir alle nasies (Jesaja 11:12)
- Kies die lewe (Deuteronomium 30:19, 1 Johannes 5:20)
- Verwag jy hom? (Jesaja 25:9; Hebreers 9:28)
- Is jy 'n dissipel van Hom? (Matteus 28:19)
- Beklee met nuwe mens wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper (Kolossense 3:10)
- Is jou vreugde volmaak? (Johannes 16:24)

Gratis eBoeke: "Laat die Woord Getuig"
"Let the Word Testify"

"God, 'n Persoonlike Realiteit"
"God, a Personal Reality"

**www.matthew28.co.za**

# Naamtetiese Apologetiek

- Lesing 1: Beginsels van Naamtetiese Apologetiek
- Lesing 2: Die Uniekheid van Christus – Die Gesalfde
- Lesing 3: Die Groot Verhaal – die Ewige Lewe
- Lesing 4: Anwoorde op aanslae teen ons geloof